Geliefde Lourensrivierder

Haal diep asem, maak jou oë toe en tel tot 10….. Haal weer diep asem, tel terug tot by een en as jy jou oë oopmaak is dit Donderdag☺☺ As jy nie geval het hiervoor nie, sal ek maar moet uitkom met die waarheid…. vandag is eintlik Woensdag☺☺ More is Hemelvaart en ons kantoor sal toe wees, so ek stuur sommer nou al jou Donderdag Nuuskrummels.

Hemelvaart……. Vir die dissipels het die einde van hulle wêreld aangebreek. Dit was die einde van hulle verhouding met God — of altans so het hulle gedink…
MAAR… Hemelvaart gaan daaroor, dat daar 'n nuwe era, 'n nuwe fase aangebreek het in die mens se verhouding met God, want wanneer ons verder lees in Handelinge sien ons dat die Hemelvaart in wese die begin was van die bestaan van die Christelike Kerk♫ Die feit dat Jesus opgevaar het na die hemel, beteken nie (soos die dissipels gedink het) dat Jesus na 'n spesifieke plek toe gegaan het nie.
Nee, die woorde in ons geloofsbelydenis "opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God" dui nie daarop dat Jesus nou slegs op een plek is nie. "Hemel" en "aan die regterhand van God" dui nie op plek nie, dit dui op posisie. Dit gaan nie oor waar Jesus is nie, maar dit gaan oor wat Jesus doen. En wat Hy doen is om te regeer — saam met die Vader. Wat Hy doen is om Koning te wees. Wat Hy doen is om God te wees♫♫♫ Die betekenis van Hemelvaart is dus dat God nie net êrens is nie, God is oral en altyd. God is tegelyk sigbaar en onsigbaar teenwoordig. Die betekenis van Hemelvaart is dat God nie ver van ons verwyderd êrens op 'n troon sit nie, maar eerder dat God oral heers waar ons leef en beweeg. As ons wéét dat God orals is, as ons waarlik glo dat God orals is, kan ons lewe nie meer dieselfde wees nie, want ons moet elke dag leef voor die troon van God. God maak vir ons plek gereed — en ons moet ook in 'n voortdurende voorbereiding lewe. 'n Voorbereiding van selfondersoek en gedurige berou.
Hemelvaart beteken vir ons dat ons nie hoef te soek na God nie, dis om te weet dat Hy ons reeds gevind het en daarom dag vir dag in dankbaarheid in Sy teenwoordigheid kan lewe.
Volledige skrywe is beskikbaar by: http://www.nhka.org/index.php/so-aanbid-ons-11/preke/84-wie-is-ons/824-handelinge-19-11-hemelvaart-beteken-dat-god-oral-teenwoordig-is.html

NUUSKRUMMELS: 30 Mei 2019

Pinkster 2019: Tema: "Geseën om te seën" (Gen.12:1-3)

Daar sal ook weer elke aand heerlike sop en broodjies wees na die diens.

So. 09h00, 2 Jun: Gen.12:1-3 - Seëndraers (Gerhard)
So. 19h00, 2 Jun: Hand. 9:1-20 - Van dissipelhater tot dissipelmaker (Petrie)
Ma. 19h00,3 Jun: Rigters 13-16 - Sonskyn (Gerhard)
Di. 19h00, 4 Jun: Rom.1:1 - ID-boek (Gerhard)
Wo. 19h00, 5 Jun: Jona - Ontevrede oor God se seën? (Petrie)
Do. 19h00, 6 Jun: Rut - Selfs ek? (Petrie)

DINAMIET KIEDZ
Kinderpinkster begin ook al Sondagoggend.

Ons gaan op 6 verskillende bootreise met 'n regte bootjie in die saal♫♫♫

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

Bespreek sommer nou al vir jou 'n kaartjie vir hierdie gewilde oggend. Jy wil nie uitmis nie. Kerkkantoor: 021 853 5991

LIFE LINE YOUTH

SINETHEMBA

"Sinethemba vir die kinders" is die leuse wat die groep wat van 22 – 30 Junie na Sinethemba gaan om daar te gaan werk, gebruik vir hul uitreik. Ons wil graag mense van Lourensrivier, Suider-Strand en Strand-Noord saamneem.
Ons is tans besig om fondse in te samel om gordyne, duvets, matrasse, draad en pale vir die omheining en ander materiaal aan te koop wat ons gedurende die uitreik gaan nodig hê.
Indien u wil bydra tot hierdie herstel projek van Sinethemba, vra ons dat die fondse in die volgende rekening inbetaal word:

NAAM:	VGK DECOLIGNY SALARISFONDS
BANK:	ABSA
TAK:	STRAND 334-218
NOMMER:	4060646513
VERWYSING:	Sinethemba 2019

Op Saterdag, 8 Junie vind die WP Senior Toutrek Kampioenskappe by die Charles Morkel terrein in Mill Straat plaas. Ons het die geleentheid gekry om die dag daar pannekoek te verkoop om te help met ons fondsinsameling.
Ons benodig mense wat ons vir ongeveer twee uur beurte kan help met die bak en verkoop van die pannekoeke. Verder sal dit ook waardeer word as ons donasies kan kry soos olie, meel, eiers en suiker. Enigiemand wat die Sinethemba uitreik op hierdie twee maniere kan ondersteun, kan hul name en kontakbesonderhede by die Kerkkantoor gee en ons sal verder met hulle kontak maak.

By voorbaat baie dankie.
Willem Botes @ 083 658 2154

NUUS UIT ANDER KERK-OORDE

BERG-EN-SEE KLUB VIR SENIOR BURGERS

Byeenkoms: Donderdag, 13 Junie
Tyd: 09h30
Plek: NG Moedergemeente, Somerset-Wes, Andries Pretoriusstraat.
ONDERWERP: Oudhede en die evaluasie daarvan.

Spreker: Gerrit Swanepoel is wyd bekend vir sy kennis van oudhede.
Lede (en besoekers) word gevra om oudhede saam te bring wat dan deur Gerrit Swanepoel geëvalueer sal word. Hy sal sy kennis deel en ook oor die herstel van porselein gesels. Die bekende voordragkunstenaar, Erna Kruger, tree ook op.
Koste: Besoekers R15 Lede R10
ALMAL WELKOM!
Kontak: Trina van Schalkwyk (021 854 4662 of 084 774 3532)

VAKATURE: GROOTE KERK GEMEENTEBESTUURDER/SAAKGELASTIGDE

Die Groote Kerk wag aansoeke in vir die pos van **Gemeentebestuurder / Saakgelastigde**.

GEMEENTEPROFIEL

- Die NG Kerk Kaapstad ("Die Groote Kerk") is 'n diverse gemeente wat vir meer as 350 jaar geleë is in die hart van Kaapstad.
- Die gemeente het verskeie bedieningspunte met twee voltydse predikante en een jeugwerker wat ongeveer 500 lidmate bedien
- Ons sien onsself as 'n gestuurde, missionêre gemeente met 'n diensbare vernuwende gees

Stuur volledige CV verkieslik per e-pos aan leonie@grootekerk.org.za of lewer dit af by die Kerkkantoor, Kloofstraat 55, Kaapstad (vir die aandag van Leonie Fraser). Navrae kan ook gerig word aan Leonie Fraser by leonie@grootekerk.org.za of 021 422 0569.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 31 Mei 2019
Diensaanvaarding teen 15 Augustus 2019

NG Kerk in SA

VBO-KOÖRDINEERDER

(Stellenbosch)

Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-Kaapland) beskik tans oor 'n vakature by die Diensgroep Toerusting en Navorsing op Stellenbosch.

Die Taakspan vir VBO is verantwoordelik vir voortgesette bedieningsontwikkeling (VBO) vir predikante. Predikante word genooi en aangemoedig om die onderskeie toerustingprogramme by te woon.

Die VBO-koördineerder sal veranwoordelik wees vir die organisering van programme, reëlings met aanbieders, plekke van aanbieding, verblyfreëlings en ander funksies, insluitend:

- Opstel van VBO-jaarprogram
- Bemarking van programme
- Skakeling met aanbieders van programme
- Navorsingsondersteuning: Administratiewe ondersteuning vir navorsing- en ontwikkelingsprojekte
- Byhou van register/databasis van VBO-punte vir opleiding bygewoon
- Begroting en betalingsaanvrae
- Persoonlike assistent vir die predikant in sinodale diens vir kerklike opleiding

Die ideale kandidaat beskik oor 'n toepaslike naskoolse kwalifikasie, rekenaarvaardigheid, 'n natuurlike administratiewe aanleg plus uitstekende organisatoriese vermoëns. Goeie kommunikasievaardighede word vereis, asook die vermoë om geskrewe stukke taalkundig te versorg. Die aanstelling verg gevorderde kennis van woordverwerkingsprogramme, sigblaaie, databasisse, asook e-pos en webwerf aangeleenthede.

Vergoeding is onderhandelbaar in ooreenstemming met kwalifikasies en verantwoordelikhede.

Rig 'n volledige CV **voor 14 Junie 2019** aan:

Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne (Kenny Raats), NG Kerk in SA, Privaat sak X8, Bellville, 7535
E-pos: ngkadmin@kaapkerk.co.za

ARBEIDSBEDIENING IN DIE HELDERBERGKOM

As gevolg van die huidige ekonomiese klimaat, is daar werklik `n groot behoefte aan geestelike ondersteuning by besighede.

Daar is ook `n baie groot behoefte aan vrywilligers wat soggens `n kort boodskap uit Die Bybel en `n paar woorde van bemoediging aan die werkers kan gee.

Die volgende besighede is vakant en soek dringend na iemand om hulle te bedien:

> Nu-Leaf, Somerset-Wes
> Fish For Africa, Gant`s Sentrum Strand
> Multisave, Hoofweg Strand
> South Vaal Motors, Somerset Wes
> Gerda`s, Somerset Wes
> Hobby Wendy's, Somerset-Wes
> Gerda`s, Somerset Wes

Indien enige van julle kans sien om te kom help, kan julle asseblief vir JAN VAN DEN BERG (UITBREIDINGSBEAMPTE) by enige van die volgende nommers skakel:
021-851631 (kantoorure, 08h30-10h30, Maandag tot Donderdag)
0761347780 of 0768855533
Baie dankie

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

ADVERTENSIE:

Tuisteversorging: Ek is opgelei om enige siekes of gebrekkige ouer persone te versorg.
My opleiding is NQF Level 2 Standaarde. CV beskikbaar op aanvraag.
Desire van Reenen @ 061 204 3877

BERG 80 VERJAARSDAE:

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Kriegler	June	06/01	79
Van Zyl	Pritchard	06/03	86
Van Eeden	Jannie	06/06	85
Briers	Nonnie	06/10	86
Huysamen	Caty	06/10	87
De Jager	Stella	06/11	80
Koch	Cynthia	06/11	82
Lambrechts	Amos	06/12	84
Schoeman	Elbie	06/17	82
De Kock	Ingrid	06/18	81
Minnie	Lila	06/18	84
Botes	Joanie	06/19	80
Dreyer	Renee	06/21	83
Lighthart	Martie	06/21	88

Num 6:24-26
Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

KNIEWERK:

- Innige meegevoel met Helene Fourie en familie met die heengaan van haar broer, Wilhelm
- Paul Louw (kankerbehandeling)
- Willem Steenkamp word op 30 Mei 2019 geopereer
- Pete Strydom is uit die hospitaal en sterk tuis aan

DANKIE:

Liewe Ds Petrie, Personeel en Gemeente,
Baie dankie aan almal, wie vir klein Reuben Baard gebid het, die afgelope maande. God hoor ons gebede en nadat sy 6 jarige boetie, 'n perfekte pasmaat was, om aan hom beenmurg te skenk, is hy gister, na 'n maand, uit die hospitaal ontslaan. Die outjie lyk goed, inaggenome, waardeur sy gestel die afgelope maande is. Ons sal nooit ophou bid vir hom nie; so ook vir die baie kinders, wie nie net in Rooikruis Kinderhospitaal, maar in baie ander hospitale behandel en verpleeg word. Ek het uitgevind hoe baie ons, as volwassenes, van kinders kan leer! Al is hulle hoe siek, bly hulle positief!
Nogmaals dankie, vir almal se gebede.
Groete, Susan en Coenie Baard

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SO., 2 JUNIE SE BOODSKAP: PS 97 (7DE WEEK IN PAASTYD)

"Vir die regverdiges het daar lig gekom, blydskap vir die opregtes. Wees bly in die Here, regverdiges, prys Sy heilige Naam!!"

Komende Sondag is die viering van die vyftigste dag ná Jesus se opstanding en deur die afgelope Paastyd het ons gehoor dat die krag en die effek van die opstanding van Jesus inderdaad 'n gebeure is waaroor daar gejuig (Jubilate) moet word, 'n nuwe lied gesing moet word (Cantate); 'n gebeure is wat ons met hoop laat uitroep na die wederkoms van ons Here! (Rogate)
Op Sondag is dit egter goed om vir oulaas stil te word en te luister (Exaudi) na die betekenis van sy opstanding, wat dit vir ons inhou en beteken en om dan daarvolgens te gaan lewe!
Kom ons dink na oor die boodskap van hierdie psalm vir ons tyd:
God is koning.... Ons moet opnuut weer vasgryp dat God koning is. Dit is so ryk aan betekenis!
God (ons Koning) stuur ons om te leef!

**Sing halleluja! Gee ere aan HOM! Halleluja!
Ons Koning kom,
Hy kom om ons te haal!!**

Gebed: Here, kom skyn met U Paasfeeslig in elke donker hoekie van ons bestaan. Christus, kom tot binne in die geslote kamers van ons foute en skenk aan ons hoop en genade. Here, vul ons met vrede sodat ons die Goeie Nuus van genade en vergifnis kan verkondig. Aan God al die eer♫ Amen.

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE